

Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.

Skriflesing : Filipense 3: 3-14

Tema : Wat is vir jou die moeite werd? En is die Here op jou glykskaal van wat vir ons belangrik is.?

BROODJIES VIR DIE PAD

“Did he really believe God wrote stories that were open to one explanation only? A story that knew but one explanation could hardly be interesting and was certainly not worth the trouble of remembering.”
— Chaim Potok, Davita's Harp

“To journey for the sake of saving our own lives is little by little to cease to live in any sense that really matters, even to ourselves, because it is only by journeying for the world's sake - even when the world bores and sickens and scares you half to death - that little by little we start to come alive.”
— Frederick Buechner, The Sacred Journey: A Memoir of Early Days

“Scholars of religion refer to the current metamorphosis in religiousness with phrases like the “move to horizontal transcendence” or the “turn to the immanent.” But it would be more accurate to think of it as the rediscovery of the sacred in the immanent, the spiritual within the secular.”
— Harvey Cox, The Future of Faith

“What if Jesus was not offering his followers an ethical system to follow, but rather was inviting them to enter into a life of love that transcends ethics, a life of liberty that dwells beyond religious laws? The difference between following an ethical system and being consumed by love can be seen in the way that ethical systems seek to provide a way to work out what needs to be done so that it can be carried out. In contrast, love is never constrained, it never sits back, it always seeks to do more than what is demanded of it.”
— Peter Rollins, The Orthodox Heretic And Other Impossible Tales

“Everything excellent is as difficult as it is rare.”
— Baruch Spinoza, Ethics

“The master in the art of living makes little distinction between his work and his play, his labor and his leisure, his mind and his body, his information and his recreation, his love and his religion. He hardly knows which is which. He simply pursues his vision of excellence at whatever he does, leaving others to decide whether he is working or playing. To him he's always doing both.”

— James A. Michener

“When one does a thing, it appears good, otherwise one would not write it. Only later comes reflection, and one discards or accepts the thing. Time is the best censor, and patience a most excellent teacher.”
— Frederic Chopin

“Make up a story... For our sake and yours forget your name in the street; tell us what the world has been to you in the dark places and in the light. Don't tell us what to believe, what to fear. Show us belief's wide skirt and the stitch that unravels fear's caul.”
— Toni Morrison, The Nobel Lecture In Literature, 1993

“Power, no matter how well-intentioned, tends to cause suffering. Love, being vulnerable, absorbs it. In a point of convergence on a hill called Calvary, God renounced the one for the sake of the other.”
— Philip Yancey, The Jesus I Never Knew

“Never, for the sake of peace and quiet, deny your own experience or convictions”
— Dag Hammarskjöld

“We must be careful with our lives, for Christ's sake, because it would seem that they are the only lives we are going to have in this puzzling and perilous world, and so they are very precious and what we do with them matters enormously.”
— Frederick Buechner

Christina Landman: Die tyd is verby vir die kerk se ‘harde mag’

Nou die dag moet ek “die kerk” gaan verteenwoordig by 'n groep jong mense. Hulle is baie jonk, 14 en 15 jaar oud. Ek moet met hulle praat oor die kerk en hul seksualiteit. Ek beduie vir hulle dat die meeste kerke amptelik glo dat seks net in die huwelik hoort. Hulle kyk my met onbegrip aan. Ek sê dadelik as jy enige

probleme het, kan jy enige tyd na die dominee kom vir hulp. “Ek sal jou vashou,” sê ek. “Ek sal jou nie oordeel nie, al is jy in watter moeilikheid.”

“Kan jy ’n aborsie reël?” vra een meisie. “Nee, ek mag nie,” sê ek.

“Het jy vir ons MIV-toetse?” vra ’n ander een. “Nee, maar ek kan by die apteek gaan koop. Ons moet egter eers daarvoor praat,” sê ek.

Ek sien toe ek is in die moeilikheid. Ek dog ek sal die gesprek verskuif na verantwoordelikheid neem. “Wat is die eerste en belangrikste ding wat jy moet doen as jy ’n baba by ’n meisie het?” vra ek die seuns. “Help haar om ’n child grant te kry,” kom die antwoord, “en dan kan jy sommer die helfte vat as jy die pa is.” Die kerk het nie meer mag oor mense se seksualiteit nie, dit besef ’n mens. Verby is die tyd dat die kerk vrees kon inboesem oor swanger word of sommerso seks hê. Verby is die kerk se harde mag. Maar daar is nog “sagte mag” vir die kerk. Om die waarheid te sê, dis nou tyd vir daardie sagte mag. Sagte mag is om te oortuig en uit te nooi, eerder as om in te dwing. Verlede maand, glo ek, was so ’n geval van sagte mag. Dit was die taxi-staking in die Kaap. En dit was die kerkleiers wat ’n groot rol gespeel het om dit te ontloot. Nie met harde mag en oordeel nie. Maar met die saambring van mense oor kulture en beroepe. En deur mense te oortuig dat hulle gedeelde belange het. Sagte mag en politiek het natuurlik ’n moeilike verhouding. Mense beweer dat pres. Wladimir Poetin die Russies-Ortodokse kerk gebruik om sagte mag oor die samelewing uit te oefen ten gunste van die regering. En iemand het nou die dag ’n studie gedoen van die toesprake van hoëprofiel-kerkleiers. Hy vind toe dat hulle uitdrukkings van sagte mag gebruik om die kerk se beeld onder sowel Christene as nie-Christene te bevorder. Maar dat hulle eintlik sagte mag misbruik. Hulle werk met universele waardes – soos liefde en medemenslikheid – en oortuig mense dat almal, ook die kerk, daarin deel. Maar soms is dit ’n vorm van misleiding.

En tog dink ek die kerk moet gaan vir sagte mag. Sagte mag wys die kerk se sagte hart wat innooi. Dit wys die kerk se wegbeweeg van oordeel, wat altyd die wreedste waarheid oor sonde weet en verkondig. En so is ons nou terug by die groep jong mense wat so lekker oor seks wil praat. Kan die kerk hulle op ’n sagte manier uitnooi om gesonde waardes te kies? Ek vra toe die seuns met watter soort vrou hulle eendag wil trou. Ek dog ek sal met sagte mag darem nog trou op die tafel plaas.

“Ek soek ’n vrou wat lekker kan kook,” sê een. Dis ’n sterk jong man wat stut speel.

Ek wou nog iets sê om sy vereistes vir ’n vrou sagter te maak, toe sê ’n ander seun: “Ek soek ’n vrou wat vir haar man bid.”

Dit moes hy seker by sy ma en pa gehoor het, want die kerk het nog nie aan só iets sags gedink nie.

• *Landman is ’n professor in teologie verbonde aan Unisa. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

BROOD VIR DIE PAD

Wilhelm Jordaan: As liefde blind is, is selfliefde selfs blinder

Daar is baie súlke mense die wêreld vol. Miskien is ek en jy een van hulle. Al is dit miskien net ’n bietjie so. Ek praat van mense wat ly aan selfabsorpsie.

Absorpsie is ’n woord wat ’n mens byvoorbeeld uit die biologie ken – die opneem of insuig van voedingstowwe wat ’n plant nodig het om te kan groei. Oordragtelik beskou, het mense ook “voedingstowwe” nodig om volwaardig mens te word. Dit is dinge soos sorg, liefde, aandag, aanprysing, lof, bewondering enso(voedend)voort.

Maar nou kry jy mense by wie absorpsie ’n allesverterende smagting word om die self te voed; die eie ek altyd eerste te stel: Wat moet geld, is jóú perspektief op lewensgoed, jóú mening, jóú belange, jóú wie weet wat nog. Dan is jy soos Narcissus, die knaap in die Griekse mitologie wat in ’n stil poeletjie water betower geraak het deur sy eie spieëlbeeld. En só word ’n mens oplaas ’n volslae, selfverheerlikende egoïs. Mac Davis hekel diesulkes in sy lakonieke liedjie “It’s Hard to Be Humble”: “Oh Lord it’s hard to be humble / When you’re perfect in every way. / I can’t wait to look in the mirror / Cause I get better looking each day / To know me is to love me / I must be a hell of a man / Oh Lord it’s hard to be humble, / But I’m doing the best that I can . . . / Some folks say that I’m egotistical / Hell I don’t even know what that means . . .”

In uitgebreide betekenis verwys selfabsorpsie na die beheptheid en ingenomenheid met die self en die byna teer liefde waarmee jy die beeld

vertroetel wat jy van jouself het. Soos die digter Walt Whitman skryf in sy "Song of Myself": "I celebrate myself . . . I dote on myself . . . there is that lot of me, and all so luscious . . ."

Egoïste glo vas hulle is toebedeel met enorme insigte en perspektiewe en is daarop geregtig om dit te laat geld. En hulle het altyd 'n ondersteunersklub; 'n juigkommando van vleierende sikofante. Dié wat nie in hul dampkring wil beweeg nie, word geminag en uitgesluit. Natuurlik wil alle mense van geweet wees en almal van ons het lof en bewondering nodig, maar dit word roekelose selfabsorpsie en louter egoïsme wanneer jy soveel daarvan wil hê dat jy dit nie aan ander gun nie; en ook nie uitdeel nie. Soos dié segging heimlik te kenne gee: "Hy het die hele aand oor homself uitgewei, terwyl ek eintlik oor myself wou praat!"

Dit is nie altyd maklik om egoïsme in jouself te sien nie, want as die liefde spreekwoordelik blind is, is selfliefde nog blinder. 'n Nuttige maatstaf is hoe gereeld daar vervreemding en afstand in jou verhoudings met die mense naaste aan jou is; wanneer die fokus op jouself maak dat mense jou begin vermy.

Juis dán het jy 'n gesprek nodig met 'n vertrouerbare mens wat 'n ánder spieël aan jou voorhou. Soos waar Cassius aan Brutus sê in William Shakespeare se Julius Caesar: "And since you know you cannot see yourself / So well as by reflection, I, your glass, / Will modestly discover to yourself / That of yourself which you yet know not of . . ."

- *Jordaan is 'n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

wynandqnel@outlook.com 082 901 5877